

4 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 23

Fokusgedeelte: Esegïel 23:46-49

Op die ou end kan jou sonde jou inhaal

Esegïel 23 herinner baie aan Esegïel 16, met die gebruik van die beeld van 'n owerspelige vrou om die sonde van die volk te verduidelik. In die hele beeld word die twee ryke van Israel en Juda met twee susters wat egbreek vergelyk. Esegïel het natuurlik met mense uit die suidelike ryk, Juda, gepraat. Die noordelike ryk, met Samaria as hoofstad, is al meer as honderd jaar gelede deur die Assiriërs verwoes. Hulle verwoesting was die gevolg van hulle sonde. Nou is die suidelike ryk, Juda, besig om dieselfde paadjie te loop. Hulle het nie 'n les geleer uit wat met hulle sustervolk gebeur het nie. Soos vroue wat egbreek die doodstraf kon kry vir hulle sonde, so word die straf ook oor die suidelike ryk uitgespreek. Die noordelike ryk het die gevolge van hulle sonde ervaar en nou gaan die suidelike ryk dit ook doen. Hulle het God vir afgode verlaat en nou gaan God hulle straf vir hulle ontrou. So sal hulle die almag van God besef wanneer die gevolge van hulle eie dade op hulle neerkom. Ons is deur Jesus verlos van die gevolge van ons sonde. Die straf wat op ons moet kom, het Hom getref. Die besef maak egter ons verantwoordelikheid soveel groter om met ons sonde te breek en tot God se eer te leef.

Sing: Psalm 93:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)